**YSHUA IN DIE GESTALTE VAN YAHWEH**

Soms word Y'shua in die NMS (Na-Messiaanse Skrifte) op 'n manier beskryf wat bedoel is om aan te dui dat Hy, as die Seun van Yahweh, meer as enige iemand sedert die Eerste Adam, die eienskappe en die waardes en die verhewe doelwitte van Yahweh uitgeleef en uitgebeeld het. In hierdie opsig het Y'shua iets kom herstel van dit wat Yahweh van die begin af bedoel het en die potensiaal wat die Skepper oorspronklik in die mens ingebou het, kom verwesenlik. Yahweh het immers die mens na sy beeld en na sy gelykenis geskape (Bereshiet / Genesis 1:26). Die mens het egter toegelaat dat sonde hierdie verhewe "gestalte" in die mens (nl. beeld en gelykenis van Yahweh) belemmer en beskadig. Y'shua se koms is in hierdie opsig van deurslaggewende betekenis: dit het 'n groot ommeswaai in hierdie proses van die "verlies" van die beeld of die gestalte van Yahweh teweeggebring. Y'shua het weer die beeld / gestalte van Yahweh kom weerspieël soos wat Adam dit aan die begin weerspieël het. En ná Y'shua kan gelowiges hulle nou met die nuwe mens beklee wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper (Kolossense 3:10). Ná Y'shua word dit vir mense soos ons moontlik om ons met die nuwe mens te beklee wat na Elohiem geskape is in ware geregtigheid en afgesonderdheid (Efesiërs 4:21). Ná Y'shua ontdek meer en meer mense dat hulle eintlik in die Messias geskape is tot goeie werke wat Yahweh voorberei het, sodat hulle daarin kan wandel (Efesiërs 2:10).

Dis 'n groot jammerte dat teoloë in die verlede die eenvoud en die duidelikheid van hierdie waarheid van die Woord vertroebel het deur (bykomende) afleidings uit hierdie tekste te maak wat met die drie-eenheidsleer te make het. Afleidings soos: As Y'shua in die gestalte van Yahweh was, moet Hy gelyk wees aan Yahweh. En: As Y'shua in die gestalte van Yahweh was, moes Hy bestaan het voordat Hy as mens hier op aarde gebore is. Kom ons kyk kortliks na enkele gedeeltes in die NMS wat soms op hierdie wyse geïnterpreteer word en probeer om, in die lig van die Skrif in sy geheel, deur te dring na die beste manier om hierdie gedeeltes te verstaan.

Die klassieke voorbeeld in hierdie verband is Filippense 2:6-8: "Hy, wat in die gestalte van Elohiem was, het gelykheid aan Elohiem nie as iets geag wat aangegryp moet word nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die folterpaal." Daar is 'n hele paar probleme met die tradisionele interpretasie van hierdie gedeelte. Die eerste aspek is die regte verstaan van die woord "gestalte". Die Griekse woord is "morphe" wat op drie plekke in die NMS gebruik word - twee keer hier ("gestalte van Elohiem" - vers 6 en "gestalte van 'n dienskneg" - vers 7) en een keer in Markus 16:12 ("En hierna het Hy in 'n ander gedaante verskyn aan twee van hulle terwyl hulle loop"). Sommige teoloë dring daarop aan dat "morphe" die betekenis het van "essensiële en innerlike natuur" en "forseer" die betekenis van Filippense 2:6 as sou dit beteken: Y'shua was (voor sy geboorte) in wese dieselfde as Yahweh. Die drie gebruike in die NMS en die gebruik van "morphe" in ander Griekse geskrifte (o.a. ook in die LXX, die Griekse vertaling van die VMS) toon dat "morphe" juis nie "innerlike natuur" beteken nie, maar "uiterlike gestalte". Wat Filippense 2:6 dus vir ons wil sê, is dit: "Y'shua het (as mens) die uiterlike gestalte / beeld / gelykenis van Yahweh weerspieël."

Nog 'n probleem in die verstaan van hierdie gedeelte, is die sinsnede wat hier as volg vertaal word: "(Hy) het gelykheid aan Elohiem nie as iets geag wat aangegryp moet word nie". Sommige vertalings en Skrifuitlêers bring hier 'n subtiele verandering wat weereens die standpunt van drie-eenheid weerspieël: "Hy het gelykheid aan Elohiem nie as iets geag waaraan vasgeklou moet word nie." Die betrokke Griekse woord is "harpagmon", afkomstig van "harpazo" wat beteken "to seize, to snatch, to take by force". Wat Filippense 2 probeer sê is dus nie: "Y'shua was (voor sy geboorte) aan Yahweh gelyk, maar het nie (uit selfsugtigheid) aan hierdie posisie probeer vasklou nie en was dus bereid om mens te word en Homself te verneder". Nee, wat hierdie gedeelte in werklikheid sê, is dit: "Y'shua het as mens (dit wil sê: ná sy geboorte) die beeld van Elohiem ten volle weerspieël en uitgeleef en het nie soos die Eerste Adam probeer om (uit hoogmoed) gelykheid aan Elohiem aan te gryp nie. Daarom het Hy van Homself vergeet en die gestalte van 'n

slaaf aangeneem en was Hy volkome gehoorsaam aan Yahweh." In watter sin het die Eerste Adam (en sy vrou) probeer om gelykheid aan Elohiem aan te gryp? Ons lees daarvan in Bereshiet 3:5 "maar Elohiem weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos Elohiem sal wees deur goed en kwaad te ken". Hierdie woorde van verleiding kom van Satan, die een wie se diepste begeerte in YeshaYahu 14:14 weerspieël word: "Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!"

Ander gedeeltes in die NMS waar daar na Y'shua as draer van die beeld, gestalte, volheid van Elohiem gepraat word, moet op dieselfde manier verstaan word. Hier dink 'n mens aan Kolossense 1:15 (Hy is die Beeld van die onsienlike Elohiem); Yahuganan 14:9 (Hy wat My gesien het, het die Vader gesien); Hebreërs 1:3 (Y'shua ... die afskynsel van sy voortreflikheid en die afdruksel van sy wese); Kol 2:9 (Want in Hom woon al die volheid van Elohiem liggaamlik); Yahuganan 10:30 (Ek en die Vader is een - hou in gedagte dat Y'shua later gebid het dat sy dissipels een sal wees, net soos Hy en sy Vader een is).

Soms word daar na die eerste hoofstuk van Openbaring verwys as 'n "bewys" dat Y'shua dieselfde gestalte (of dieselfde natuur) as Yahweh openbaar - nie net omdat Hy op 'n manier beskryf word wat sterk herinner aan Daniél se beskrywing van die "Oue van dae" nie, maar ook omdat Hy met die benaming "die Eerste en die Laaste" (of: die Alfa en die Omega) aangedui word. Dit, sê sommiges, is nie net 'n aanduiding dat Y'shua identies aan Yahweh is nie, maar ook dat sy bestaan, soos Yahweh s'n, van alle ewigheid af is. Kom ons kyk kortliks na hierdie aansprake.

Die beskrywing wat in Openbaring 1:11-20 van Y'shua gegee word, toon sekere ooreenkomste met Daniél 7 se beskrywing van die "Oue van dae" - Openbaring 1:13 1-14 lui só: "en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel. Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam." Daniél 7:9 gee 'n soortgelyke beskrywing van die "Oue van Dae": "Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur." Beteken dit (1) Y'shua is dieselfde as die "Oue van Dae" in Daniél (binne die konteks van Daniél moet die "Oue van Dae" as Yahweh geneem word) en (2) Y'shua was in die tyd van Daniél reeds "op die toneel"? So 'n interpretasie kan om verskeie redes nie gehandhaaf word nie.

Ons moet in gedagte hou: (1) Daniél se beskrywing was 'n droomgesig of 'n visioen (2) In Daniél se beskrywing kom daar 'n "Oue van dae" voor sowel as "Een soos die Seun van die mens" en die twee word duidelik onderskei - waarom sou Y'shua (wat in die NMS, soos baie ander mense, ook as Seun van die mens voorgestel word) in Daniél se visioen deur die "Oue van dae" verteenwoordig word? (3) In Openbaring 1, sowel as die res van Openbaring, word daar ook 'n duidelike onderskeid getref tussen Yahweh (dikwels voorgestel as die Een op die troon) en Y'shua (dikwels voorgestel as die Lam wat geslag is) (4) Yahweh is gees (Yahuganan 4:24) - geen gewone mens het Hom nog ooit gesien nie (Yahuganan 1:18; 1 Timoteus 1:17; 6:16; 1 Yahuganan 4:12) (5) 'n Mens kan verwag dat Yahweh (as die Onsienlike) Homself in 'n visioen aan een van sy profete op 'n soortgelyke wyse sou voorstel as die voorstelling van sy Seun (ook in 'n visioen) honderde jare later - dit bewys nie dat Yahweh en Y'shua identies is nie, maar wel dat Y'shua sy Vader ten volle verteenwoordig het en ook dat Hy Hom op gepaste wyse aan ons kom openbaar het.

Dat Y'shua, net soos Yahweh, die Eerste en die Laaste (of die Alef en die Tau) genoem word, beteken nie dat Y'shua en Yahweh gelyk is nie - ook nie dat Y'shua van ewigheid af bestaan het in dieselfde sin as wat Yahweh van ewigheid af bestaan het nie. Openbaring 1 toon juis 'n sterk onderskeid tussen Y'shua en Yahweh aan deurdat Y'shua sê Hy is die een wat dood was en weer lewe (vers 18). Dit is juis die kenmerkende van die gedeeltes waar Y'shua die Eerste en die Laaste genoem word - dit word telkens in verband gebring met die feit dat Hy dood was en weer lewe en dat Hy daarom die reg verdien om lewe te gee (sien 1:17; 1:18; 2:8; 21:4-6 en 22:12-14).

Hy is die eerste wat die dood oorwin het (deur die mag van sy Vader) en sal die laaste wees wat seggenskap oor dood en oor lewe ontvang het. Daarom word Hy deur die skrywer van Hebreërs genoem: die begin en die voleinder van ons geloof. Deur geloof in Hom is daar letterlik niks waarvoor ons hoef te vrees nie. Ons kan elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê. Geen dood of lewe (of wat ook al van hierdie lewe) kan ons skei van die liefde van Elohiem wat daar in Y'shua die Messias is nie.